LAERSKOOL VRYHEIDSMONUMENT

POSBUS 47
ARCONPARK
1937
TEL. (016) 428-1043 / 428-1073
FAKS (016) 428-5185
E-POS: vryheidsmonument@absamail.co.za

11 Januarie 2022

OMSENDBRIEF 1 VAN 2022

Geagte Ouers

Baie welkom terug na 'n welverdiende rustyd. Mag 2022 net die beste vir u inhou en mooi herinneringe bou.

REËLINGS VIR WOENSDAG 12 JAN. 2022: (Nodige protokol sal steeds gehandhaaf word.)

Hekke open om 07:00 vir leerders. Laai asb. leerders by die volgende hekke af:

Hek 2: Tennisbane	Gr. 4 & 7
Hek 3: Rugbyveld	Gr. 5 & 6
Hek 4: Kerk	Gr. 1 & 2
Hek 5: Mediasentrum	Gr. 3

Indien u meer as een kind moet aflaai, kan u albei saam by oudste kind aflaai.

Alle leerders kom dan by NETBALBANE bymekaar.

Skool verdaag vir Gr. 1 – 3 om 13:15 en vir Gr. 4 – 7 13:30 by bogenoemde hekke. Sorg asb. dat u betyds by die onderskeie hekke is vir oplaai van u kind/ers, aangesien personeel by die hekke moet wag totdat u kind opgelaai is. (Covid-protokol).

BANKREKENING BESONDERHEDE:

Ons verkies elektroniese betaling asb. indien enigsins moontlik. Dankie vir u ondersteuning om finansieel tot u kind se toekoms by te dra.

TJEKREK.: ABSA VEREENIGING

REK. NR.: 0480490134

TAKKODE: 632005

VERW.: FAMILIE KODE OF NAAM, VAN EN GR. VAN LEERDER.

SKOOLREËLS EN SKOOLDRAG:

Ouers, raadpleeg asb. u kind se huiswerkboekie t.o.v. reëls, sodat daar nie misverstande plaasvind nie. Kommunikasie is baie belangrik. Ons wil graag seker maak u kind/ers is geborge en voel veilig in hul opvoedingsmilieu. Dissipline stelsel is ook baie duidelik in die huiswerkboek uiteengesit. Neem kennis daarvan en ondersteun ons asb. daarin.

ATLETIEK: VRYDAG 14 JAN.

Vind plaas Vrydag in skooltyd by die skool. Alle leerders moet asb. Vrydag teenwoordig wees, sodat spanlyste en uitdunne vir die atletiekseisoen gereed gekry kan word. Geen ouers mag op die terrein toegelaat word nie. Ons wag vir die Onderwysdepartement vir uitklaring.

U kind /ers sal ook 'n bestelvorm ontvang om kos te bestel vir Vrydag tydens die atletiek.

Skool sal 13:00 Vrydag verdaag.

INLIGTINGSAANDE: SKOOLSAAL.

Daar sal slegs 3 Inligtingsaande wees, aangesien daar 'n groot behoefte daarvoor is.

Dinsdag 18 Jan.:	Gr. 1	18:00
Woensdag 19 Jan.:	Gr. 4	18:00
Donderdag 20 Jan.:	Gr. 7	18:00

Daar sal aan die **einde van die kwartaal** 'n oueraand plaasvind, waarby u **op uitnodiging** die skool kan besoek.

Sterkte vir die kwartaal.

P. DE BRUIN

HOOF

/ec